

Sondag 27 September 2020

Woordbediening: Ds Roelof Minnaar NG Gemeente Roodekrans

Skriflesing: Heb 1:11-12 en Jak 1:17

Tema: In n wereld waar alles verander - is God ONVERANDERLIK

Daar is baie dinge waaroor die mensdom verskil en baklei. Maar as daar nou een ding is waaroor almal saamstem dan is dit dat 2020 'n jaar van veranderinge vir almal was. Sommer oornag het dinge verander, wat niemand kon voorspel of verwag nie.

Maar eintlik is veranderinge nie net deel van 2020 nie. Ons leef in 'n wêreld wat elke dag verander.

Dink net hoe het die ketel gelyk waarmee jou ouma koffie water gekook het, en die koordlose glas ketel wat jy vandag het.

Stryksters, rekenaars, kameras, baba stootwaentjies, die til by die kafee, wasmasjiene....so kan ek maar aangaan. En dit was nie net telefone wat verander het nie of die manier hoe ons tjeks uitskryf nie, maar ook hoe ons dink en optree.

Ons land het drasties verander na 1994 Dink maar net hoe het telefone gewerk, hoe jou ons nog tjeks uitgeskryf het. Hoe ons inry teater toe gegaan het. Hoe ons ma's nog briewe geskryf het en dit gepos het.

Dink net aan al die veranderinge wat in hierdie land gebeur het, na 1994.

Standpunte van mense verander. Die eendag word ons so geleer, en die anderdag word ons weer anders geleer.

Standpunte van mense verander – die eendag sê hul so en die volgende dag sê hul so

En natuurlik is dit goed dat dinge verander, die lewe sou darem baie boring gewees het, as alles altyd dieselfde moes bly. Natuurlik moet dinge verander, anders sou ons almal babas gebly het en nooit gegroei het en groot geword nie.

Die Here het ons ook die vermoë

Maar verandering kan ook sleg wees. Dit maak ons onseker, dit maak ons bang. Maar wanneer ons na God kyk deur die oë van Bybel, dan leer ons God ken. En God het verskillende eienskappe. Ons bely mos wat die Nederlandse Geloofsbelijdenis vir ons sê in artikel 1: God isewig, onbegryplik, onsenlik, onveranderlik, oneindig, almagtig, volkome wys, regverdig, goed en die aller oervloedigste fontein van alles wat goed is.

M.a.w. tussen al die veranderinge aanbid ons 'n God wat ONVERANDERLIK is. Wat beteken dit vir ons? Wat dink jy, hoe help dit jou, dat jy weet God is onveranderlik? Is dit vir jou 'n troos, of sukkel jy om dit te verstaan?

Kom ons kyk na Heb 1:8, ek gaan ook na 'n paar ander tekste verwys

Soos daardie klere in jou en my kas wat nie meer pas na lockdown, soos klere wat oud raak en verslyt en uit die mode gaan. So word die aarde ouer en verslyt. En stadig word die aarde opgerol en kom alles tot 'n einde.

Ek en jy leef in hierdie wêreld waar alles verander – maar teenoor die veranderinge, aanbid ek en jy 'n Here wat ONVERANDERLIK is.

Daarom het ons God so nodig, veral in hierdie jaar wat sekerlik een van die uitdagendste jare is.

1. Ons is soos 'n skip in 'n storm, wat deur die wind en golwe rond gegooi word. Daarom het ons 'n anker nodig. Het ons 'n vaste punt nodig waarheen ons kan teruggaan.

Kan jy dink, as die Here soos ons moes wees. Elke dag in 'n ander bui. Jy weet nie, as jy vandag opstaan, of die Here nog dieselfde voel as gister, of dieselfde mening het, as die wat Hy gister vir my gegee het nie.

Nee die Here God, is gans anders as die wêreld waarin ek en jy leef.

Jakobus 1:17 (AFR1983) ¹⁷Elke goeie gawe en elke volmaakte geskenk kom van Bo. Dit kom van die Vader wat die hemelligte geskep het, maar wat self nie soos hulle verander of verduister nie.

En juis omdat God nie verander nie, kan ek en jy leef in hierdie wêreld waar die son op kom, en daar elke dag nuwe uitdagings is. Nuwe dinge waarby ons moet aanpas.

Hy is die Skepper, en word nie vasgevang binne die wette van die natuur of die reëls van die wêreld nie. Hy skep, maar staan bo sy skepping.

- Daarom word die Here nie ingesluk deur die probleme van hierdie wêreld nie.
- Hy neem nie besluite soos ons, met die beperkte kennis wat ons het nie.
- Hy wonder nie soos ons, wat more vir ons wag en of daar verassing is wat voorlê nie.
- Hy maak nie foute en is spyt dat Hy die verkeerde keuse gemaak het nie.

Die Here God wat ek en jy aanbid – is die anker wat nie deur see strome rond gespoel word nie. Die anker wat nie deur die boot in stormwater rond gesleep word nie.

Jy ken die storie van die groot magtige oorlog skip met al sy kanonne op die see vaar, en dan in die nag 'n liggie voor hom sien. Met aggressie laat die kaptein vir hierdie klein bootjie se kaptein weet, kom uit ons die pad uit – ek is 'n groot oorlog skip en gaan jou vernietig, as jy nie nou uit die pad kom nie.

En na so 'n ruk kom daar 'n stemmetjie van die klein liggie voor boot. Ek gaan nie uit jou pad uitkom nie...ek is 'n vuurtoring!

Die Here is die vaste rots, die vuurtoring, die onveranderlike

2. Maar God se onveranderlikheid, is vir ons 'n troos en gee ons sekerheid. Maar soms verstaan ons nie altyd hierdie eienskap van God nie.

A. As sy besluite so vasstaan, wat help dit nog ek bid....Hy het mos klaar besluit?

As Hy die aarde geskep het, maar verhewe bo die aarde is wat elke dag verander....is Hy nie so verhewe, sit op 'n troon en besluit Hy outokraties en ek, mens, kan eintlik geen bydrae lewer nie.

Kom ek gebruik 'n voorbeeld uit die Bybel....dit lyk of die Bybel homself weerspreek...

- 1 Samuel 15 se die Here vir Samuel “Ek is bedroef daaroor dat ek Saul koning gemaak het, want hy het van My af weggedraai en nie my opdragte uitgevoer nie.”
- Maar net 'n paar verse verder in 1 Sam 15, staan daar²⁹Die Ewige van Israel lieg nie en Hy verander nie van gedagte nie, want Hy is nie 'n mens dat Hy van gedagte sou verander nie.”
- Die profeet Amos vertel ons in hoofstuk 7....³Die Here het toe van sy voorneme afgesien, Hy het gesê: Dit sal nie gebeur nie.
- Maar aan die anderkant sê die Bybel in Num 23 ¹⁹God is nie 'n mens dat Hy sou lieg nie, 'n mens dat Hy van gedagte sou verander nie. Sou Hy iets sê en dit nie doen nie, iets belowe en dit nie uitvoer nie?

Dan leer ons, die Here verander sy besluite en dan hoor, ons maar, Hy verander nie van gedagte nie.

Om dit te verstaan, moet ons ook na God se ander eienskappe kyk. Jy kan hulle nie los van mekaar maak nie. God is onveranderlik, maar Hy is ook regverdige God. Hy het gesê, dat as sy volk Hom dien, sal hulle geseën wees en sal dit met hulle goed gaan. Maar as hulle teen Hom draai, Hom nie dien of vereer nie, dan kan hulle nie die seën van die Here verwag nie.

En daarby bly die Here. Dit is dus nie Hy wat soms goed voel, en ons seën of soms ongeduldig is en ons straf nie. Nee, ons mense verander. Koning Saul het die Here gedien, en dit het goed met hom gegaan, maar toe het hy teen die Here gedraai en was Hy ongehoorsaam. En die gevolg was dat die Here hom van sy koningskap ontnem het.

Dit is dus nie God wat van gedagte verander nie, maar ons mense wat verander. Die Here is getrou aan Homself. Hy kan nie anders optree as wat Hy is nie.

Hy is ONVERANDERLIK, maar Hy is ook 'n God van liefde, regverdig, maar ook volkome wys sê ons NGB artikel 1.

B. Daarom nooi die Here ons uit om na Hom te kom in gebed.

Lees bietjie die gesprek tussen Abraham en die Here, in Genesis 18, waar Abraham om genade pleit vir Sodom. Abraham sê, as daar net 50 regverdige mense is, kan die Here nie maar die stad spaar nie. En dan antwoord die Here hom, daar is nie eers 50 nie. Dan sê Abraham, maar as daar 40 is, later vra hy weer, as daar maar net 30 is, as daar maar net 20 is, miskien net 10.

Op 'n stadium sê Abraham: “Ek bly waag om met die Here te praat. Miskien word daar twintig gekry,”.... Die Here is nie so verhewe, en sy besluite nie so vas, dat Hy nie ook 'n God van liefde is wat na ons gebede luister nie. In sy ONVERANDERLIKHEID is Hy 'n God van liefde en genade. Hy sien ons berou raak en sien af

van sy straf. Eers wou Hy Ninevé straf vir hul sonde, maar nadat die koning van die stad en sy mense tot bekering gekom het, die Here aan hul genade betoon.

lets wat Jona baie kwaad gemaak het. God het baie meer genade met mense, as wat ons met mekaar het.

Soms worstel ons ook met die lewe. Oor goeie goed vra ons nie vir die Here, wat sy doel daarmee is nie. Maar wanneer swaar goed met ons gebeur dan skielik wil ons weet nou wat is die Here se doel met die siekte, of die of daai probleem.

Ons dink die Here het die wêreld en geskiedenis in detail beplan en elke ding wat gebeur, of elke besluit wat ons neem, moet ons net uitvind, wat is in God se plan. Wat het Hy besluit.

Maar dit is nie soos God werk nie. Hy het die mens geskep – en vir ons al die verstand en vermoëns gegee om die aarde te bewerk en te lewe. God gee vir ons die vryheid om te kan besluit. Om self van mening te verander.

Daarom moet ons verantwoordelikheid vat vir ons besluite en ons foute. Maar selfs in ons foute en besluite, bly God in beheer, en sal Hy alles ten goede laat meewerk vir die wat Hy lief het.

Slot

Op een van ons uitreike na Mosambiek slaap ons oor in Mutare (die ou Umtali). Daar ontmoet ons Doonsie en haar man Hugo. Doonsie is die skriba van die gemeente in Mutare.

Mense wat deur soveel drama in hul lewe moes gaan. Wat hul pragtige plaas verloor het. Wat gesien het hoe hul land agteruit gegaan het. Wat eintlik alles verloor het. Ook hul kerk waar daar omtrent nog net 10 lidmate oor gebly het.

En tog was tannie Doonsie en haar man Hugo, die blymoedigste mense. Ons stap saam deur hul tuin en kyk na al hul groente. Hulle het geen verwyte, of haat nie.

Daar besef ek, dat al wat Doonsie en Hugo kon help om deur alles te kom, was om aanpasbaar en buigbaar te kon wees. Maar hulle is deur soveel seer en verlies. Hulle moes soveel keer voor begin in die lewe – maar daar is blymoedigheid in hul hart. Want hulle hou vas aan 'n God wat nie verander nie. Wat hulle kan vertrou. Waarop hulle kan staatmaak. En hoewel hulle al hul skatte op aarde verloor het, het hulle 'n skat in die hemel waarvan hul vas en seker kan wees.

Soms is die veranderinge in ons lewens, lekker uitdagings. Geleenthede om nuwe dinge te probeer. Maar soms voel ons bang en onseker.

Hou vas aan die Here. Hy is nie soos klere wat verslyt of uit die mode gaan of wat 'n verander nie. Amen

